SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 8 SEPTEMBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT, (Sentraal Afrika Tyd) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SPERDATUM VIR RAE INSKRYWINGS

NUWE DXCC TOEKENNING

UITSLAE VAN DIE SARL HF FOONWEDSTRYD

NUWE RADIOKLUB

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

SPERDATUM VIR RAE INSKRYWINGS

Komende Dinsdag, 10 September, is die laaste dag vir inskrywings vir die RAE wat op 17 Oktober plaasvind. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Indien u nog wil inskryf kan u die inskrywingsvorm van die SARL-webwerf by www.sarl.org.za aflaai. Voltooide vorms kan gefaks word aan 011 6752793. Inskrywings wat na 10 September ontvang word, sal outomaties oorstaan tot die volgende RAE in 2003.

RAE-SENTRUMS

Die sluitingsdatum vir die registrasie van RAE-sentrums is ook op Dinsdag 10 September. Klubs wat nog as eksamensentrum wil registreer kan dit slegs doen deur die nodige vorm op die SARL-webblad te voltooi en elektronies in te dien. Sentrums wat reeds registreer het word versoek om hulle besonderhede op die SARL-webwerf na te gaan en te verseker dat die inligting korrek is.

MORSEKODE-EKSAMINATORS

'n Volledige lys van die 19 gelykgolfeksaminators verskyn op die SARL se webwerf. Dié here wat vir die tydperk 2002/2003 geregistreer het en die NUWE aansoekvorm volledig voltooi het, is almal aanvaar. Daar is egter 'n nypende tekort aan GG-eksaminators in Kimberley en sy onmiddellike omgewing. Tans is daar slegs een persoon wat hom vir dié taak bereidwillig verklaar het. Die vereistes om as 'n gelykgolgeksaminator te kwalifiseer, word duidelik op die aansoekvorm vermeld. Indien dit moontlik is, sal nuwe eksaminators per e-pos of telefoon (nie selfoon nie), verwittig word. 'n Alternatiewe en vinniger manier sou wees dat die persoon op die SARL-webwerf ingaan en kyk of sy naam/roepsein/klub daar vermeld word. 'n Nuwe eksaminator se naam sal binne 24 uur nadat sy volledige aansoekvorm ontvang is, op die webwerf verskyn.

Alle relevante informasie betreffende gelykgolftoetsing, sal u op die SARL se webwerf aantref.

UITSLAE VAN DIE SARL HF-FOONKOMPETISIE

Dit is met genoeë dat die HF-kompetisiekomitee die uitslae van die SARL HF-foonkompetisie wat op Sondag 4 Augustus gehou is, aankondig. Nadat die voorlopige uitslae gepubliseer is, is ontdek dat nie al die logstate ontvang is nie. Dit is weens die skielike verandering in die kompetisiekomitee en dus ook die adres van die komitee. Die uitstaande logstate is deur die loop van die week ontvang. Daar is 40 logstate ontvang van amateurs in ZS1, ZS2, ZS4, ZS5, ZS6 en V51.

Die uitslae is as volg:

1ste Daniël ZS6JR 194 punte; 2de Hans ZS6KR 184 punte; 3de Gary ZS5NK 183 punte; 4de Vidi ZS1EL 175 punte; 5de Ed ZS6UT 172 punte.

Louis, ZS5LP, behaal die hoogste telling op 'n enkelband met 112 punte op 40 meter.

Die volledige lys van uitslae sal op die kompetisie-uitslaebladsy van die SARL se webwerf verskyn. 'n Volledige verslag oor die foon- en gelykgolfkompetisies sal in die volgende uitgawe van Radio ZS verskyn. Baie geluk aan almal.

SARL GG-KOMPETISIE

Deelnemers word herinner dat môre, Maandag 9 September die laaste dag is waarop logstate gepos kan word. Die adres weereens: HF-GG-Kompetiesie, p/a Dennis -Green, Posbus 12104, Brandhof, 9324 of per e-pos aan hfcontest@netactive.co.za.

TEGNIESE AMATEURRADIOFORUM GESTIG IN DIE SUID-KAAP

Die Gizmo Amateurradioforum is op 1 September 2002 gestig na aanleiding van 'n behoefte wat onstaan het by amateurs in die Suid-Kaap area. Die twee vernaamste doelstellings van die forum is: (1) "Om die selfkonstruksie van amateurradioapparaat asook elektroniese toetsapparaat te bevorder onder nuwe sowel

as belangstellende radioamateurs." (2) "Om die gebruik van 2 meter simpleksfrekwensies (alle modusse) te bevorder onder radioamateurs vir die doeleindes van eksperimentering en langafstandkommunikasie."

Die forum is reeds besig met verskeie projekte en beplan om in die toekoms 'n laserskyf aan radioamateurs beskikbaar te stel met 'n verskeidenheid van tuisbouprojekte. Die forum beoog ook om eersdaags nuusflitse uit te saai op onderskeidelik 40m, 80m en 2m. Verdere inligting rakende die Gizmo Amateurradioforum kan verkry word vanaf Johan, ZS1I, by 082 380 2924.

DXCC KONDIG NUWE 30-METER TOEKENNING AAN

Die DXCC kondig met genoeë die 30-Meter (10 MHz) Enkelband DXCC Toekenning aan. Aansoeke vir hierdie toekenning sal vanaf 1 Oktober 2002 aanvaar word. Die 30-meter DXCC-Sertifikate sal nie genommer word nie, maar sal wel 'n datum hê. Krediete vir 30-meter sal ook in die jaarlikse DXCC Totale-lys ingesluit word wat op 30 September 2003 sluit. 'n 30-meter endossement vir die 5-Band DXCC sal ook beskikbaar wees.

SARL BHF/UHF KOMPETISIE

Daar is nog net twee weke oor voor die tweede been van die SARL BHF/UHF kompetisie wat oor die naweek van 21 en 22 September gehou word. Die kompetisie begin om 12:00 SAT op die Saterdag en eindig 24 uur later om 12:00 SAT op die Sondag met gelykgolf-, enkelsyband- of FM-aktiwiteit wat op 6 meter, 2 meter, 70 cm en die 23 cm amateurbande geskied. Die reëls vir hierdie populêre kompetisie sowel as die algemene reëls vir SARL kompetisies is beskikbaar op die SARL-webwerf by www.sarl.org.za. Daar is 'n Windowsprogram, SARLVU, beskikbaar op die webwerf wat jou sal help met die log en puntetelling vir die kompetisie. SARLVU is deur Nico ZS4NS geskryf. Die adres vir jou inskrywing is John Fielding, Posbus 256, Inchanga, 3670.

TEGNIESE SEKRETARIS BENODIG

Die Uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Professionele Mobiele Radiovereniging (in Engels PMRA), wat die verskaffers, vervaardigers en diensorganisasies in die radiokomunikasie-industrie verteenwoordig, het besluit om 'n voltydse tegniese sekretaris aan te stel. Die PMRA is op soek na 'n afgetrede individu met 'n agtergrond in Elektronika/ Ingeneurswese, wat 'n goeie kennis het van die kommunikasie-industrie en die toepaslike regulasies goed verstaan. Die Tegniese Sekretaris sal nou saamwerk met die administariewe sekretaris, en dit word verwag dat die persoon selfgemotiveered is, en op sy eie kan werk. Die Tegniese Sekretaris sal aan die Nasionale Uitvoerende Komitee rapporteer en sal die vergaderings bywoon. Aansoeke met 'n kort CV kan gestuur word aan die Sekretaris, Bronwen Lambert per telefaks (011) 706-5457 of per pos aan Posbus 1857, Jukskeipark, 2153 of per e-pos aand bronwen@pmra.co.za.

KLUBNUUS

WOLKBERG AMATEURRADIOKLUB

Die Wolkberg Amateurradioklub het sy AJV vir 2002 op 31 Augustsus gehou. Die volgende lede is tot die komitee verkies:

Voorsitter Jan Oosthuizen ZS6LK; O/voorsitter Magiel Castelyn ZS6BML; Tesourier Norman Brown ZS6NHB; Sekretaris Catryn Castelyn ZS6CAS; Sysop Danie van Zyl ZS6DVZ; Notulehouer Paul Smit ZS6NK; Tegnies Kobie Furstenberg, ZS6ALE, en Mike Thom, ZS6BBD.

Die Raad van die SARL bedank die uittredende komitee vir sy lojalitiet en pligsgetrouheid en verwelkom die nuwe komitee. Mag julle 'n voorspoedige jaar hê.

SASOLBURG RADIOKLUB

Die Sasolburg Radioklub sê dat hulle nog posstukke ontvang en dikwels nog verwysings sien na ZS6STB, die Suid-Transvaal Tak. Die tak het reeds in 1996 verander na die Sasolburg Radioklub met roepsein ZS4SRK. Die klubadres is Posbus 2958, Vanderbijlpark, 1900. Klubs word vriendelik versoek om hulle adreslyste op datum te bring.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Dennis ZS4BS en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan diegene wat wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX